Molasweet

Beskrywing

MOLASWEET is ‘n ***multi-sensoriese smaakmiddel*** met ‘n gebalanseerde kombinasie hoë-intensiteit versoeter en molassegeur om die smaak, reuk en versoetingsvlak van hoë kwaliteit molasse in voer te verskaf.

Eienskappe

- Verskaf ‘n molasse-smaak en -geur aan voer wat min of geen molasse bevat nie.
- Vervaardig met “ISO Fusion Technology” wat die volgende eienskappe verseker:
  - ⇨ Eweredige verspreiding en vloeibaarheid
  - ⇨ Mikro-enkapsulering maak dit stabiel, eenvormig en analities naspeurbaar
  - ⇨ Teen hitte beskerm dmv ‘n retensie-agent
- Voldoen aan EU regulasies, bevat geen GMO’s of dierlike produkte nie en dra die FAMI-QS sertifikaat van analise.
- Registrasie in ooreenstemming met Wet 36 van 1947:
  - ⇨ **Molasweet – V 20855**

Voordele

- Verhoog smaaklikheid van voer en stimuleer voerinname.
- Verbloem die bitter smake geassosieer met hoë vlakke van medikasies en minerale.
- Skakel die opmerklike sensoriese variasies van molasse van verskillende oorsprong uit.
- Maklik om te hanteer, te stoor en in enige voer te meng.
- Verseker reëlmatige voerinname tydens variasie in roumateriale of veranderings in voerformulasie.
- Lae insluitingsvlakke vervang molasse heeltemal of gedeeltelik. Sodoende is daar meer spasie vir ander voedingstowwe in konsentraat.
- 10kg molasse kan vervang word deur 40g Molasweet om ‘n soortgelyke smaak- en geurprofiel in die voer te kry.
- Nuwe navorsing het aangedui dat Molasweet glukose-, natrium- en waterabsorpsie in die laer spysverteringskanaal van beide varke en herkouers stimuleer.
- Dit kan lei tot ‘n verbeterde voeromset omdat die dier meer glukose uit die voer absorbeer.

Suiwel

- Koeie is baie sensitief vir veranderinge in smaaklikheid van voer of vir onsmaaklike voer. Molasweet kan hierdie probleme oorkom en so voerinname verbeter.
- Stimulasie van glukose-, natrium- en waterabsorpsie kan voeromset verbeter.
- Kan gebruik word in kalfdiëte om voerinname te verbeter. Die verhoogde glukose-absorpsie verbeter die dermontwikkeling van die kalf voor en na speen.



Voerkraal (Bees en Skaap)

- Behoorlike voerinname is van uiterste belang om genoegsame groei te kry, veral gedurende die beginfase van die voerperiode.
- Molasweet verbeter die smaaklikheid van die voer en kan so voerinname stimuleer.
- Variasie in voerinname kan verminder word deur die smaak en geur van die voer te standardiseer.
- Minder variasie in voerinname kan rumengesondheid verbeter.
- Stimulasie van glukose-, natrium- en waterabsorpsie kan voeromset verbeter.

Gebruiksaanwysings

Standaard aanbeveling vir die gebruik van Molasweet:

- Volvoer = 150-200g/ton
- Aanvullende voer = 200-300g/ton

Tel: +27 (0) 12 667 4213 • **Fax:** +27 (0) 12 667 4210 • **Email:** technical@alliednutrition.com
Physical address: 89 Jean Avenue, Doringkloof, 0157, RSA • **Postal address:** Postnet Suite 21, Private Bag X1028, Lyttelton, 0140, RSA